# VAN STAMVERWANTE BODEM

Dr. Jan Ploeger
*Staatshistorikus*

In die Nederlandse dagblad *De Telegraaf* (Amsterdam, 27.9.1973) is die aandag gevestig op 'n ongenoemde publikasie van 'n sekere dr. Dugast-Rouille waarin, in twee dele, uiteengesit is dat ongeveer 15 000 Franse families, wat voorgee dat hulle van adel afstam, nie die minste reg in dié verband besit nie. In Frankryk, so vervolg die skrywer van hierdie berig, is dit 'n bygeloof dat elke Fransman, wie se van met "de" voorafgaan, op die een of ander wyse van adel moet wees.

By die uitgewery E. J. Brill, Leiden, het die jongste uitgawe van die *Jaarboek van der Maatschappij der Nederlandse Letterkunde te Leiden (1971-1972)* (pp. 317) die lig gesien. In hierdie uitgawe het H. W. von der Dunk 'n lewensberig aan die bekende Nederlandse historikus Pieter Cathrinus Arie Geyl (Dordrecht, 15.15.1887-Utrecht, 31.12.1966) gewy. In hierdie bydrae word die betekenis van wyle prof. dr. Geyl as historikus geskets, terwyl tewens 'n poging aangewend is om sy plek in die Nederlandse historiografie te bepaal (pp. 123-135). Minder bekend is, in ons land, die geskiedkundige werksaamhede van dr. Jan Cornelis Hendrik de Paster (1887-1971) wat o.m. studies oor Prins Willem I van Oranje en J. P. Coen geskryf het en prof. Geyl se groot-Nederlandse geskiedbeskouing nie kon aanhang nie, omdat hy — tereg of ten onregte — te min aandag aan die geestelike faktore in die geskiedenis gewy het en omdat hy stamverwantskap en taalgemeenskap as 'n basis in sy historiografiese werk gebruik het, aldus De Pater se lewensbeskrywer L. C. Suttorp (p.249).

In dieselfde publikasie kom, van die hand van J. A. Verhage, 'n uitvoerige lewensberig van ons ontslape letterkundige prof. I. W. van der Merwe (ps. Boerneef) (1897-1967) voor.

As nr. 163 van die *Vlaamse Toeristische Biblioteek*, Sint-Jakobsmarkt 45-57, Antwerpen, het C. A. de Bruyn se beknopte studie oor die beroemde Nederlandse vestingboukundige Menno Baron van Coehoorn (1641-1704) verskyn. Hy was o.m. die uitvinder van die 17e eeuse Coehoornmortier en die grondlêer van die Nieu-Nederlandse vestingbou waarvan die Kaapstadse Kasteel 'n treffende voorbeeld is. Die skrywer van hierdie brosjure is argivaris van die „Stichting Menno van Coehoorn", 'n Nederlandse organisasie wat hom vir die behoud en bewaring van outydse vestingwerke beywer.

Die inhoud van deel 88, afl. 2 (1973) van die tydskrif *Bijdragen en mededelingen betreffende de geschiedenis der Nederlanden* (pp. 143-376) staan in die teken van die feit dat op 7.12.1872 die bekende Nederlandse historikus en kultuurhistorikus Johan Huizinga in die stad Groningen gebore is. Die volgende Huizinga-kenners het aan hierdie publikasie meegewerk: Gerhard Oestreich (Marburg), „Huizinga, Lamprecht und die deutsche Geschichtsphilosophie: Huizingas Groninger Antrittsvorlesung in 1905"; Walter Thys (Gent-Rijssel), „Huizinga en de beweging van negentig"; F. Jansonius (Assen), „De stijl van Huizinga"; A. G. Jongkees (Groningen), „Une génération d'historiens devant le phénomène bourguignon"; F. W. H. Hugenholtz (Utrecht), „The Fame of a Masterwork"; Philippe Ariès (Maisons Laffitte), „Huizinga et les thèmes macabres"; J. C. Margolin (Tours), „Huizinga et les recherches érasmiennes"; E. H. Gombich (Londen), „Huizinga's Homo ludens"; H. R. Guggisberg (Basel), „Burckhardt und Huizinga-Zwei Historiker in der Krise ihrer Zeit"; J. Kamerbeek Jr. (Amsterdam), „Johan Huizinga und Ernst Robert Curtius: Versuch einer vergleichenden Charakteristik"; A. E. Cohen (Leiden), „Huizinga als Leids hoogleraar"; H. Gerson (Groningen), „Huizinga und die Kunstgeschichte"; en E. H. Kossmann (Groningen), „Postcript".

In 1975 sal Europa in die teken van die bewaring van monumente van historiese belang en die verskaffing van geldelike hulp aan die organisasie van die Europese monumentejaar staan. In hierdie verband is onlangs 'n kongres te Zürich gehou wat o.m. die uitvoering van 'n veertigtal projekte in sestien verskillende lande van stapel gestuur het. Ongeveer 300 afgevaardigdes van 28 lande in Europa en verteenwoordigers van die V.S.A., Israel en Libanon, het aan die besprekings te Zürich deelgeneem. In Amsterdam is onlangs maatreëls

getref om 'n aantal geboue wat ruim vyftig jaar oud is op 'n bewaringslys geplaas te kry. Nuttig met betrekking tot die geskiedenis van dié gedeelte van die Amsterdamse boukuns wat bekendstaan as die „Amsterdamse School" is die oktoberuitgawe (1973) van die maandblad *Ons Amsterdam.*

In *Alle Hens* (jg. 26, nr. I., Aug. 1973) skryf A. F. Lancker oor 'n aantal voormalige Nederlandse forte aan die kus van Wes-Afrika. Die sogenaamde Goudkus was Nederlandse besit van 1642-1872 en in 1637 is die sterkste fort in hierdie gebied, St. George del Mina, deur 'n Nederlandse ekspedisie, afkomstig van Brasilië, van die Portugese verower. Hierdie verowering is voorafgegaan deur die verkryging van beheer deur die WIC oor die handelsposte te Mouree en opp die eilandjie Goeree, by Kaap Verde. Die bydrae is van 'n aantal afbeeldings voorsien.

In nr. 295 (1973) van die Belgiese amptelike publikasie *Teksten en Documenten* het die belangrike bydrae „Het Parlement/de Grote Raad van Mechelen (1473-1796), in stelling van Europese dimensie" deur prof. Louis-Theo Maes, van die Universiteit van Antwerpen, verskyn. Hierdie Grootraad was die opperste hof vir die Nederlande, het sy grootste bloei in die eerste helfte van die 16e eeu geken en het, aldus die skrywer, o.m. baie tot die juridiese eenwording van Europa bygedra.

K. W. Lim deel in *Bulletin van het Rijksmuseum* (jg. 21, 1973, afl. 2) in die bydrae „Een Hollands schip op een Japans scherm" besonderhede mee oor hierdie kunswerk uit omstreeks 1759 wat vermoedelik deur Araki Genkei, 'n agtiende eeuse skilder te Nagasaki, of deur iemand uit sy onmiddellike omgewing geskilder is. Araki Genkei was die seun van 'n Japanner wat as tolk die skakel tussen die Nederlandse handelaars en sy eie landgenote gevorm het. Hierdie bydrae is van 'n aantal voortreflike afbeeldings voorsien.

Van September tot Oktober j.l. is 'n belangrike tentoonstelling te Brussel gehou met as onderwerp die boekdrukkuns in die Lae Lande in die 15e eeu. In 1473 het, met betrekking tot hierdie gebied, die eerste gedateerde boeke in Aalst en Utrecht verskyn wat, onderskeidelik deur Johan van Westfalen en Dirk Martens; Nicolaes Ketelaer en Gerardus de Leempt, gedruk is. Ook is 'n groot aantal blokboeke, waarvan die oudste uit 1451-1452 dateer, op die tentoonstelling uitgestal. Blokboeke word gekenmerk deur die fiet dat die teks nie met die hand geskryf of geset is nie, maar net soos die illustrasies uit een blok hout gesny is en deur 'n wryftegniek of 'n pers op papier of perkament afgedruk is. Tewens kon voorbeelde van Nederlandse prototipografie (1471-1479) besigtig word. Hierdie werkwyse kan as 'n kombinasie van blok- en boekdruk beskou word.

In die tydskrif *Antwerpen* (jg. 19, nr. 3, Sept. 1973) skryf E. Broers oor Antwerpen as 'n wêreldsentrum vir die diamantbewerking (pp. 116-129, met literatuurlys). In die geskiedkundige deel word o.m. meegedeel dat in plaaslike dokumente die eerste diamantslyper in 1483 genoem is. In 1582 was daar 30-40 slypers in die Scheldestad werksaam, in 1609 het die totaal tot 59 aangegroei. Die oudste leerlingkontrak dateer uit 1586.

In verband met orrelbou kan die leser gerus kennis neem van die bydrae "St. Laurenskerk weer in bezit van hoofdorgel" (*Rotterdam*, jg. II, 1973, nr. 3). Hierin word besonderhede verstrek oor 'n nuwe orrel met 7 600 pype wat in Denemarke vervaardig is en tans in die reeds genoemde, gerestoureerde Rotterdamse kerk opgestel word.

In *Ons Erfdeel* (jg. 16, nr. 4, Sept. 1973) skryf prof. dr. A. Verhulst oor die huidige politieke partye in België, H. van Buuren oor die vroue-emansipasie in Nederland (1968-1973) terwyl prof. dr. T. T. Cloete stilstaan by die betekenis van prof. dr. G. Dekker (1887-1973) vir die Suid-Afrikaanse letterkunde en die literatuur van Noord- en Suid-Nederland (pp. 101-102). In *Septentrion*, uitgegee deur dieselfde uitgewer (jg. 2, nr. 2, 1973) wy H. Heughebaert aandag aan die 25-jarige bestaan van die beroemde beiaardskool te Mechelen, terwyl die Franse skrywer Y. Cazaux sy indrukke aangaande Prins Willem I van Oranje in die bydrae „Pérennité du prince d'Orange" vertolk.